

JOU GIDS OOR HOE ONS SAAM DIE VERKEER KAN KLOP



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

MELD DIT AAN, ONS MAAK DIT REG!

- Slaggate
- Verstoppte stormwaterdreine
- Oorstromings
- Modderstortings of rotse op die pad
- Gras en onkruid op sypaadjies en verkeerseilande
- Stukkende verkeerseine
- Mangate sonder deksels
- Beskadigde openbarevervoer-infrastruktuur en -tekens
- Beskadigde padversperrings



VERKEERSDRUK IN KAAPSTAD


- HOEKOM RAAK DIT ERGER?

Die verkeersdruk op ons paaie raak erger namate die stad se ekonomie groei en meer inwoners en besoekers gelok word na alles wat Kaapstad het om te bied.


Namate die aantal mense wat in besige spitsstye per motor wil reis, meer word, word die verkeer stadiger, en pendel op weekdae word 'n potensieel stresvolle en tydrowende deel van die dag.

Daar was 'n mate van verbetering in Kaapstad se spoordienste. Dit is 'n doeltreffende manier vir pendelaars om daaglik te reis, aangesien daar tydens spitsstye meer treine is. Die verbetering van die spoordiens behoort verkeersdruk te verlig, veral as dit deur bestaande motorgebruikers benut word.

Die Stad Kaapstad het verskeie reaksies op hierdie uitdagings ontwikkel en nooi inwoners en burgers uit om deel van die oplossing te wees.



60 MOTORS OF 1 BUS



Sestig persone wat apart in privaat
motors ry, kan in een bus pas.

DIE KOSTE VAN VERKEERSDRUK



Langer
pendeltyd
beteken hoër
vervoerkoste



Werk- en vrye
tyd word in
die verkwis.



Uitlaatgasse
veroorzaak
besoedeling
en aard-
verwarming



Onderrig- en
leertyd gaan
verlore



Verkeer is
stresvol




Asemhaling-
en hartsiektes
neem toe

KOM ONS VERANDER HOE ONS REIS

Almal moet betrokke raak om die verkeer te klop. Jy kan help deur 'n paar veranderinge aan jou reiskeuses te maak. Begin deur een klein verandering op 'n slag uit die voorstelle hier onder te maak:

WERK FLEKSITYD OM SPITSTYE TE VERMY

Gaan een keer 'n week vroeg werk toe of later huis toe om die spitsstye te vermy. Praat met jou werkgever om nou en dan buigsame werkure of van die huis af te werk, of om minstens nader aan die huis te werk.



Tipiese spitsstye van verkeersdruk in Kaapstad

WEES 'N SLIMBESTUURDER

Wees 'n verantwoordelike bestuurder op ons padnetwerk. Wees bedagsaam teenoor voetgangers en fietsryers – hulle is meer kwesbaar as wat jy in 'n motor is. Probeer om in swaar verkeer vir busse en minibustaxi's toe te gee – hulle vervoer baie meer mense as jy!

SAAMRYGELEENTHEDE

80% van motors wat tydens spits tyd op die pad is, het net een insittende. Opsies vir saamryeëlings en -klubs help om motors van die pad af te hou en hou voordele soos korter rytyd en laer petrolkoste in.

Saamryeëlings en -klubs is die beste manier om die hoeveelheid motors op ons paaie te verminder.

As jy van plan is om skoolleerders of studente teen vergoeding te vervoer, moet jy om 'n operateurslisensie aansoek doen en jou bestuurder moet 'n geldige bestuurslisensie en professionele bestuurspermit (PDP) hê.

Aansoeke moet by die provinsiale reguleringsowerheid (PRE) ingedien word, aangesien alle aansoeke om operateurslisensies by die PRE ingedien, verwerk en beoordeel word. Besoek asseblief hul webwerf vir algemene inligting:

<https://www.westerncape.gov.za/tpw/applying-public-operating-licence>

Jy kan by 'n bestuurslisensietoetsentrum om 'n PDP aansoek doen. Gaan na www.capetown.gov.za om 'n PDP aansoekvorm af te laai.

WISSEL VERVOERMETODES AF

Hoewel dit nie altyd prakties of veilig is om te stap of fiets te ry om by die werk te kom nie, dink hoe jy op sommige dae hierdie aktiewe maniere as deel van jou reis kan gebruik.


Parkeer en stap eerder as om rond te ry en na 'n beter parkeerplek te soek; stap eerder as ry na bestemmings in die omtrek; en vra 'n vriend om saam met jou te stap of fiets te ry om jou selfvertroue 'n hupstoot te gee.

GEBRUIK OPENBARE VERVOER

'n Nasionale wet - die Wet op Nasionale Landvervoer - bepaal dat munisipale regering openbare vervoer moet bestuur en daarvoor toesig moet hou. Die Stad Kaapstad beskou dit as 'n belangrike bydrae om Kaapstad 'n lekker plek te maak om in te woon, te werk en sake te doen.

MYCITI

Die Stad Kaapstad het in 2010 sy gehaltebusdiens, MyCiTi, van stapel gestuur. MyCiTi het met sy veilige, betroubare en bekostigbare dienste 'n nuwe standaard vir openbare vervoer gestel, en is algemeen toeganklik, gesteun deur Dial-a-Ride. Besoek www.myciti.org.za vir meer inligting.



GOLDEN ARROW BUSDIENSTE

Golden Arrow Busdienste (GABS) is Kaapstad se oudste busdiens. Dit bied aan duisende pendelaars regoor Kaapstad 'n veilige en betroubare vervoermiddel. Besoek www.gabs.co.za vir meer inligting.



SPOORDIENSTE

Spoordienste is die ruggraat van die openbare vervoerstelsel en uiters belangrik om die verkeer op ons paaie te verminder. Hoewel spoordienste oor die afgelope paar jaar agteruitgegaan het, is sekere spoorkorridors herstel en goeie vordering is gemaak om die res van die netwerk te herstel. Besoek www.prasa.com vir meer inligting.



BETER OPENBARE- VERVOER- INFRASTRUKTUUR

Die verbetering van vervoerwisselaars vir gebruikers van busse en minibustaxi's is in verskeie gebiede aan die gang. Die Stad werk nou saam met die minibustaxibedryf wat erken word as 'n belangrike verskaffer van vervoerdienste aan mense regoor die stad. Die Stad ondersoek maniere om die beweging van openbarevervoervoertuie te prioritiseer.



INVESTERING IN DIE PADNETWERK

Die Stad Kaapstad investeer deurentyd in sy paaie en strate.

PROJEKTE VIR DIE BESTUUR VAN VERKEERSDRUK

Projekte vir die bestuur van verkeersdruk verlig die druk wat op ons paaie ondervind word in gebiede waar die oponthoud die ergste is, veral waar openbare vervoer vertraag word.

PROJEKTE VIR GEÏNTEGREERDE VERVOER

Projekte vir geïntegreerde vervoer verseker dat daar tydens die ontwerp van paaie in alle vervoermiddele voorsien word, veral vir kwesbare gebruikers soos voetgangers en fietsryers.

PROJEKTE VIR NIEGEMOTORISEERDE VERVOER

Niegemotoriseerde vervoer is enige soort vervoer wat nie deur 'n motor aangedryf word nie – 'n fundamentele instaatsteller om uitlaatgasse in die vervoersektor te verminder. Hierby ingesluit is fietsry, stap, skaatsplanke, rolstoele en die gebruik van waens wat deur diere getrek word of trollies wat met die hand gestoot word.

PROJEKTE VIR PADVERBETERING

Projekte vir padverbetering stel die Stad in staat om die gehalte en veiligheid van die padoppervlak deur middel van proaktiewe instandhouding soos herseëling, oppervlak-vernuwing en rehabilitasie van die plaveisel te verbeter. Die implementering van verkeersmatiging en algemeen toeganklike niegemotoriseerde vervoer (NMT), bv. sypaadjies, bevorder voetgangers se veiligheid. Hierdie programme het ten doel om 'n padnetwerk te verseker wat doeltreffend bestuur en in 'n optimale toestand is.

PROJEKTE VIR VERKEERSBESTUUR

Die Stad se verkeersbestuursprogram fokus op gelokaliseerde vervoerveiligheid en die opgradering van kapasiteit. Voorbeelde hiervan is die verskaffing van nuwe padtekens, die konstruksie van verkeersirkels (as 'n maatreël om verkeer te beheer, nie te matig nie) en die toevoeging van afdraaibane.



HOE OM AAN TE MELD

Meld enige probleme op die padnetwerk aan, soos slaggate, foutiewe verkeerstekens, beskadigde versperrings, modder- en rotsstortings, onwettige afvalstorting en verstopte stormwaterdreine.

OPSIE 1: Laai die Stad se diensverwante munisipale app af wat op die Apple App Store en Google Play beskikbaar is.

Laai die app nou af via:



<https://apple.co/3pZAkth>



<https://bit.ly/3pMGltv>

OPSIE 2: Kontak die Stad se kliënte-inbelsentrum by **0860 103 089** of stuur e-pos na **contact.us@capetown.gov.za**. Die diens is 24/7 in Engels, Xhosa en Afrikaans beskikbaar.

OPSIE 3: Teken 'n diensversoek aan op die Stad se selfhelpdienswebtuiste **www.capetown.gov.za/servicerequests**. Kies "Transport, Traffic and Roads".



OPSIE 4: Skandeer die QR-kode wat met die selfhelpdiens sal skakel.

Verskaf jou kontakbesonderhede, die straatadres en gebied waar jy die slaggat, stukkende verkeerstekens, beskadigde versperrings, modder- en rotsstortings, onwettige afvalstorting of verstopte stormwaterdreine gesien het, asook die naaste straathoek sodat die probleem aandag kan geniet.

Maak seker dat jy jou verwysingsnommer hou.

FOR MORE INFORMATION

Besoek **www.capetown.gov.za/urbanmobility** vir toegang om hierdie pamflet en ander nuttige riglyne af te laai.





CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Hierdie pamflet en ander nuttige riglyne is
elektronies beskikbaar. Besoek
www.capetown.gov.za/urbanmobility

SOSIALE MEDIA

Volg ons:

 City of Cape Town

 @cityofct

 @UrbanMobility